


DIE VOLLE WAPENRUSTING



Efes 6:13 Daarom, neem die volle wapenrusting van God op, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil en, nadat julle alles volbring het, staande kan bly.

Die Volle Wapenrusting.

Efes 6:13 Daarom, neem die volle wapenrusting van God op, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil en, nadat julle alles volbring het, staande kan bly.

Efes 6:14 Staan dan vas, julle lendene met die waarheid omgord, met die borswapen van die geregtigheid aan,

Efes 6:15 en as skoene aan julle voete die bereidheid vir die evangelie van vrede.

Efes 6:16 Behalwe dit alles neem die skild van die geloof op waarmee julle al die vurige pyle van die Bose sal kan uitblus.

Efes 6:17 En neem aan die helm van verlossing en die swaard van die Gees—dit is die woord van God—



King James: met Strong's verwysingsnommers.

Eph 6:13 Wherefore^{1223,5124} take unto³⁵³ you the³⁵⁸⁸ whole armor³⁸³³ of God,²³¹⁶ that²⁴⁴³ ye may be able¹⁴¹⁰ to **withstand**⁴³⁶ in¹⁷²² the³⁵⁸⁸ evil⁴¹⁹⁰ day,²²⁵⁰ and²⁵³² having done²⁷¹⁶ all,⁵³⁷ to stand.²⁴⁷⁶

Eph 6:14 Stand²⁴⁷⁶ therefore,³⁷⁶⁷ having your⁵²¹⁶ loins³⁷⁵¹ girt about⁴⁰²⁴ with¹⁷²² truth,²²⁵ and²⁵³² having on¹⁷⁴⁶ the³⁵⁸⁸ breastplate²³⁸² of righteousness;¹³⁴³

Eph 6:15 And²⁵³² your feet⁴²²⁸ shod⁵²⁶⁵ with¹⁷²² the preparation²⁰⁹¹ of the³⁵⁸⁸ **gospel**²⁰⁹⁸ of **peace**;¹⁵¹⁵

Eph 6:16 Above¹⁹⁰⁹ all,³⁹⁵⁶ taking³⁵³ the³⁵⁸⁸ shield²³⁷⁵ of **faith**,⁴¹⁰² wherewith^{1722, 3739} ye shall be able¹⁴¹⁰ to **quench**⁴⁵⁷⁰ all³⁹⁵⁶ the³⁵⁸⁸ **fiery**⁴⁴⁴⁸ **darts**⁹⁵⁶ of the³⁵⁸⁸ **wicked**.⁴¹⁹⁰

Eph 6:17 And²⁵³² take¹²⁰⁹ the³⁵⁸⁸ helmet⁴⁰³⁰ of salvation,⁴⁹⁹²
and²⁵³² the³⁵⁸⁸ sword³¹⁶² of the³⁵⁸⁸ Spirit,⁴¹⁵¹ which is³⁶⁰³
the word⁴⁴⁸⁷ of God:²³¹⁶

G436 = withstand; oppose; resist; to stand against.

G2098 = gospel; good message.

G1515 = peace; one; quietness; rest; set at one again; prosperity.

G4102 = faith; moral conviction of religious truth; assurance; belief; believe.

G4570 = quench; to extinguish; go out;

G4448 = fiery; to be ignited; burn; be on fire; to be inflamed.

G956 = darts; a missile; arrow.

G4190 = wicked; the devil; bad; malicious; grievous.

G4030 = helmet; encirclement of the head.

G3162 = sword; figuratively war; judicial punishment.

G4487 = word; an utterance; saying.

Die dag van onheil.

Efes 6:13 Daarom, neem die volle wapenrusting van God op, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil en, nadat julle alles volbring het, staande kan bly.

Die dag van onheil; die bese dag, die dag van versoeking, wanneer die vyand jou met geweld aanval. In die gees is ons gewikkel in 'n hewige oorlog met die magte van die duisternis. Ons het vyande waarteen ons veg, 'n 'kaptein' waarvoor ons veg, 'n 'banier' waaronder ons veg en sekere reëls waarvolgens ons moet veg. In tye van oorlog moet soldate nie alleen tot die tande gewapen wees nie, maar hulle moet ook dapper, vol durf en goed opgelei wees.

Efes 6:10 Eindelik, my broeders, word kragtig in die Here en in die krag van sy sterkte.

Word kragtig in die Here; kragtig in diens, kragtig in lyding, kragtig in die geveg. Ons beskik wel nie oor genoegsame krag in

onsself nie, maar God versterk ons met krag elke dag. In Sy krag gaan ons voort!

Efes 6:11 Trek die volle wapenrusting van God aan, sodat julle staande kan bly teen die liste van die duiwel.

Die volle wapenrusting van God; maak gebruik van al die verdedigings- en beskermingsmiddels, en wapens wat God voorsien teen die versoekings en strategieë van Satan.

Efes 6:12 Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug.

Ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie; maar teen verskeie range van demone. Ons het te doen met 'n subtiele vyand. Hy beskik oor duisende maniere om onstabiele Christene te mislei, en is geoeften in die kuns van versoeking. Dit is geestelike vyande. Die gevaar is des te groter, omdat ons hulle nie kan sien nie, en hulle ons onverwags kan aanval. Hulle hoofdoel is om Christene te verhoed om hemel toe te gaan, om ons te beroof van ons seëninge en om ons kommunikasie met die Here te blokkeer.

Efes 6:13 Daarom, neem die volle wapenrusting van God op, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil en, nadat julle alles volbring het, staande kan bly.

Sodat julle weerstand kan bied; ons mag nie toegee aan die duiwel se verleidings en aanvalle nie. Ons moet dit teëstaan. [Heb 12:4 Julle het nog nie ten bloede toe weerstand gebied in julle stryd teen die sonde nie.] Om Satan teen te staan is om sonde teen te staan. Satan is sinoniem met sonde. Hy sal ons nooit probeer oorreed om iets te doen wat goed en reg is nie. Wanneer hy ons nie kan verlei om sonde te doen nie, sal hy sy bes doen om ons te verhinder om te doen wat ons moet doen, bv. soos om te bid of Bybelstudie te doen.

[1Thes 2:18; maar die Satan het ons verhinder.]

En staande kan bly; ons moet ten alle koste die grond behou wat ons gewen het, toe ons Jesus Christus aangeneem het as ons Saligmaker en Verlosser. [Jak 4:7 Onderwerp julle dan aan God; weerstaan die duiwel, en hy sal van julle wegvlug.]

Rom 14:4; maar hy sal staande bly, want God is magtig om hom staande te hou.

Julle lendene met die waarheid omgord.

Efes 6:14 Staan dan vas, julle lendene met die waarheid omgord,

Julle lendene met die waarheid omgord; Die lendene is die setel van krag en sterkte en die middelpunt van voortplantingskrag, en was in die antieke tye beskou as absoluut noodsaaklik om te bedek vir beskerming. Wanneer die lendene omgord was, was dit 'n duidelike teken dat 'n soldaat slag gereed was.

Spr 31:17 Get. Sy omgord haar lendene met krag en hou haar arms stewig.

Nah 2:1 **'n Verwoester trek teen jou op; bewaak die vesting, kyk uit** langs die weg, versterk die lendene, versterk jou met alle mag!

1Pet 1:13 Daarom, omgord die lendene van julle verstand, wees nugter en hoop volkome op die genade wat julle deel word by die openbaring van Jesus Christus.

Die waarheid; Die Evangelie van Jesus Christus is die waarheid. Deur hierdie waarheid ontdek ons wie ons vyande is, en hoe hulle ons aanval en waar ons krag lê. Met hierdie waarheid moet ons onself omgord teen alle valse godsdienste, en die verleidende leerstellings waarmee listige mense en slu demone gereed lê om Christene te mislei. Om ons lendene met die waarheid te omgord, beteken om die waarheid naby ons te hou en

nooit weg te beweeg daarvan nie. Daardeur bly ons ook naby God en Christus, Jesus. Dit versterk ons teen die aanvalle van Satan, en is van groot nut in ons geestelike oorlogvoering.

Psa 119:86 Al u gebooe is waarheid;

Psa 119:142, en u wet is waarheid.

Psa 119:151, en al u gebooe is waarheid.

Psa 119:160 Die hele inhoud van u woord is waarheid, en al u regverdigde verordeninge is tot in ewigheid.

Joh 17:17 Heilig hulle in u waarheid; u woord is die waarheid.

Joh 8:32 En julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak.

Die borswapen van geregtigheid.

Efes 6:14 met die borswapen van die geregtigheid aan,

Met die borswapen van geregtigheid aan; Die borswapen ["thörax" = Grieks] het die hele liggaam bedek, van die nek tot by die dye, en het uit twee dele bestaan. Een om die voorkant te bedek en een om die agterkant te bedek. Dit was gemaak van ringe in die vorm van skubbe of plate, wat so aanmekaar gelas is dat dit beweeglikheid toegelaat het, en tog die liggaam beskerm het teen swaarde, spiese en pyle.

Geregtigheid; Integriteit, heiligheid, 'n lewe van reinheid. Die borswapen het al die organe beskerm, en geregtigheid beskerm alles waarvan ons geestelike voortbestaan afhang. Geregtigheid help ons om die krag van versoeking te weerstaan. 'n Gebrek aan geregtigheid stel ons bloot aan die aanvalle van die vyand. Deur hierdie geregtigheid, wat ons deur Christus verkry, word al die beskuldigings en aanklagte van Satan afgeweer.

1Thes 5:8 Maar laat ons wat van die dag is, nugter wees, met die borswapen van geloof en liefde aan, en as helm die hoop op die saligheid.

Geloof en liefde sluit alle Christelike funksies in; want deur geloof word ons verenig met God en deur liefde met ons broers en susters.

Gen 15:6 En hy het in die HERE geglo; en Hy het hom dit tot geregtigheid gereken.

Psa 119:172 My tong sal u woord besing, want al u gebooi is geregtigheid.

Spr 8:20 Ek wandel op die weg van geregtigheid, in die middel van die paaie van reg,

Jes 11:5 En geregtigheid sal die gordel van sy (Jesus) lende en trou die gordel van sy heupe wees.


Jes 32:17 En die werking van die geregtigheid sal vrede wees, en die voortbrenghel van die geregtigheid rus en veiligheid tot in ewigheid.

Jes 48:18 Ag, as jy maar na my gebooi geluister het, dan sou jou **vrede gewees het soos 'n rivier en** jou geregtigheid soos die golwe van die see;

Jes 51:7 Luister na My, julle wat die geregtigheid ken, volk in wie se hart my wet is!

Rom 3:22 die geregtigheid naamlik van God deur die geloof in Jesus Christus vir almal en oor almal wat glo, want daar is geen onderskeid nie;

Rom 10:10 want met die hart glo ons tot geregtigheid en met die mond bely ons tot redding.



Skoene aan jul voete.

Efes 6:15 en as skoene aan julle voete die bereidheid vir die evangelie van vrede.

As skoene aan julle voete; Hier is ongetwyfeld 'n sinspeling op dit wat die antieke soldaat gedra het om sy voete te beskerm. Die beskerming van die voete en enkels het uit twee dele bestaan: (1) Die sandale of skoene, wat gemaak is om die voet te bedek, en wat dikwels voorsien was van spykers of penne in die sole, sodat hulle beter kon vastrap in die grond. EN (2) Beenskutte wat

algemeen in gebruik was onder die Romeine, sowel as die Grieke. Wanneer die voete of bene verwond is, kan die soldaat nie staan om die vyand te beveg nie, en as die vyand die oorhand kry, kan hy nie vlug nie.

Die bereidheid vir die evangelie van vrede; om die evangelie van vrede te verkondig, en onwankelbaar gegrond in die evangelie, om ons paraat te kry vir die stryd en om ons verdediging te versterk.

Hand 10:36 Dit is die woord wat Hy gestuur het aan die kinders van Israel toe Hy die evangelie van vrede verkondig het deur Jesus Christus—Hy is die Here van almal.

Rom 10:15 En hoe kan hulle preek as hulle nie gestuur word nie? Soos geskrywe is: Hoe lieflik is die voete van die wat die evangelie van vrede verkondig, van die wat die evangelie van die goeie verkondig!

Efes 2:17 En Hy het die evangelie van vrede kom verkondig aan julle wat ver was en aan die wat naby was;

Die skild van geloof.

Efes 6:16 Behalwe dit alles neem die skild van die geloof op waarmee julle al die vurige pyle van die Bose sal kan uitblus.

Die skild van die geloof; Die skild verteenwoordig beskerming oor elke deel van die liggaam, want dit kan in elke rigting gedraai word. Paulus verwys hier na die groot ovaalvormige skild ["scutum" - Grieks] wat die hele liggaam bedek het. Net soos die skild al die ander dele van die wapenrusting beskerm het, so bied geloof ook dieselfde beskerming in die geestelike oorlogvoering.

Die skild was gewoonlik gemaak van ligte hout of 'n raam van brons en oorgetrek met verskeie lae sterk velle, wat gepreserveer was deur die herhaalde insmering van olie. Die skild was met die linkerhand vasgehou en met bande aan die arm vasgemaak. Die

buite oppervlak van die skild was effens rond gemaak, en glad gepoleer of met olie gesmeer, sodat die pyle en spiese sou afgly of terugspring. Solank 'n soldaat sy skild gehad het, het hy veilig gevoel - solank 'n Christen geloof het, is hy veilig.

Al die vurige pyle; Die pyle ["falarica" - Grieks] wat in die oorlog gebruik was, was klein dun stukkie riet [met 'n punt van lood], wat gevul was met ontlambare materiaal en aan die brand gestek is. Hulle het soms ook ontlambare materiaal om die pyl gedraai en dit dan aan die brand gestek. Die idee was dat die brandende pyl, wat vassit in die liggaam, die verwonding grootliks sou vererger. Hierdie brandende pyle was dan ook na tente, forte, skepe, ens geskiet om dit aan die brand te steek. Met hierdie 'vurige pyle' verwys Paulus moontlik na versoekings soos om verkeerde gedagtes te koester en aansporings om sondige dade te doen, wat soos vurige pyle in ons gedagtes gegooi word. Hierdie vurige pyle kom gewoonlik skielik en uit 'n onverwagte oord. Hulle dring in en deurboor en pynig die siel.

2Sam 22:3 God is my rots by wie ek skuil; my skild en die horing van my heil,

2Sa 22:31 Die weg van God is volmaak; die woord van die HERE is gelouter; **Hy is 'n skild vir almal wat by Hom skuil.**

Psa 28:7 Die HERE is my sterkte en my skild; op Hom het my hart vertrou, en ek is gehelp;

Psa 91:4 Hy sal jou dek met sy vlerke, en onder sy vleuels sal jy skuil; **sy trou is 'n skild en pantser.**

Spr 30:5 Elke woord van God is gelouter; **Hy is 'n skild vir die** wat by Hom skuil.

Hab 2:4 Maar die regverdige, deur sy geloof sal hy lewe.

Mat 9:22 En Jesus het omgedraai en haar gesien en gesê: Hou goeie moed, dogter, jou geloof het jou gered. En die vrou het gesond geword van daardie uur af.

Mat 9:29 Toe raak Hy hulle oë aan en sê: Laat dit vir julle wees volgens julle geloof.

Hand 6:8 En Stéfanus, vol van geloof en krag, het groot wonders en tekens onder die volk gedoen.

Rom 3:28 Ons neem dus aan dat die mens geregverdig word deur die geloof sonder die werke van die wet.

Rom 5:1 Omdat ons dan uit die geloof geregverdig is, het ons vrede by God deur onse Here Jesus Christus;

Heb 11:1 **Die geloof dan is 'n vaste vertroue op die dinge wat ons hoop, 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie.**

Heb 11:6 En sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag; **want hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en 'n beloner is van die wat Hom soek.**

Die helm van verlossing.



Eph 6:17 En neem aan die helm van verlossing en

Die helm van verlossing; die helm was 'n mus, gemaak van dik leer of brons, wat om die kop gepas het en was gewoonlik bekroon met 'n pluim of 'kam' as versiering. Die helm se doel was om die kop te beskerm teen houe met die swaard, strydbyl of knopkierrie.

1Thes 5:8, en as helm die hoop op die saligheid.

'n Stewig gegronde 'hoop op die saligheid' sal ons beskerm op die dag van geestelike konflik. Die helm het die kop beskerm - so sal die 'hoop op die saligheid' die siel beskerm teen die houe van die vyand. Geen soldaat kan goed veg, sonder die hoop op oorwinning. Geen Christen kan volhoudend veg, sonder die hoop op 'n finale redding. Die 'hoop op die saligheid' en oorwinning oor elke probleem deur die bloed van die Lam is soos 'n ondeurdringbare helm wat die 'hoof' - denke, siel - beskerm teen die subtile argumente van die gesofistikeerde goddelose, en die slinkse versoekings van die Satan self. Die Christen wie Christus in sy hart het, kan nie uit die 'hoop op die saligheid' gekul word nie. Dit beskerm dus die 'hoof', denke, siel - teen valse leerstellings.

Beskerm jou denke met die wete van jou verlossing.


Efes 1:7 In Hom het ons die verlossing deur sy bloed, die vergifnis van die misdade na die rykdom van sy genade,

Kol 1:14 in wie ons die verlossing het deur sy bloed, naamlik die vergifnis van die sondes.

Die swaard van die Gees

Eph 6:17 en die swaard van die Gees—dit is die woord van God—

Die swaard was 'n noodsaaklike deel van die wapenrusting van die antieke soldaat. Sy ander wapens was die boog, die spies of die strydbyl, maar sonder 'n swaard sou geen soldaat homself as 'effektief bewapen' sien nie. Die antieke swaard was kort, tweesnydend en het baie soos 'n dolk gelyk.



Die swaard van die Gees is die Woord van God - wat Hý gespreek het - Sý waarhede en beloftes. Dit was met hírdie wapen dat Jesus die versoeker in die wildernis elke keer die aftog laat blaas het. Dit is slegs hírmee dat ons ook nou die Satan kan teëstaan. ["Daar is geskrywe....."] Ons kan slegs oorwin as ons bewapen is met die waarheid en God se Woord is die Waarheid! (Joh 17:17)

Mat 4:4 Maar Hy (Jesus) antwoord en sê: Daar is geskrywe: Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat deur die mond van God uitgaan.

Mat 4:7 Jesus sê vir hom: Daar is óók geskrywe: Jy mag die Here jou God nie versoek nie.

Mat 4:10 Toe sê Jesus vir hom: Gaan weg, Satan! want daar is geskrywe: Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien.

Ons moet die Bybel bestudeer, sodat ons kan verstaan wat die waarheid is. Ons moet toepaslike skrifgedeeltes gereed hou om in die verskillende vorms van versoeking te gebruik. Ons mag nooit op ons eie redenasievermoë en wysheid staatmaak nie, gebruik slegs God se Woord. Een toepaslike skrifgedeelte is baie doeltreffender as al die filosofieë in die hele wêreld. Satan kan 'n direkte bevel van die Almagtige glad nie teëstaan nie. Ons sal veilig wees as ons bly by die eenvoudige verklarings {deklarasies} van die Bybel, en 'n versoeking weerstaan met 'n direkte bevel van God.

Dit is dus uiters noodsaaklik om die Woord van God dikwels en doeltreffend te bestudeer, sodat ons die nodige kennis kan opdoen om die vyand met toepaslike skrifgedeeltes te weerstaan.

Hy wat die Woord van God toelaat om ryklik in hom te woon en geloof in die Woord het, het geen vrees vir die krag van die versoeker nie. Hy staan vas in die vryheid waarmee Christus hom vrygemaak het.

Spr 30:5 Elke woord van God is gelouter; **Hy is 'n skild vir die** wat by Hom skuil.

Luk 11:28 En Hy sê: Ja, maar salig is hulle wat die woord van God hoor en dit bewaar.

Rom 10:17 Die geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die woord van God.

Heb 4:12 Want die woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard, en dring deur tot die **skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg, en is 'n beoordeel**laar van die oorlegginge en gedagtes van die hart.

Jak 1:22 En word daders van die woord en nie net hoorders wat julleself bedrieg nie.

Wapenrusting.

Die wapenrusting bestaan uit twee afdelings. Die wapens ter verdediging en die aanvalswapens. Die gordel, borswapen, helm, skoene en skild vorm deel van die wapens ter verdediging. Die swaard is ons enigste aanvalswapen.

Dis interessant om te weet dat die antieke Griekse- en Romeinse soldate permanent gewapen was. Voordat hulle betrokke geraak het by gevegte het hulle altyd eers saam geëet en elke aanval was voor-afgegaan met gebede tot hul gode, vir sukses.

Geestelike oorlogvoering.

Om sterk te staan in die verdediging moet ons sorg dat:

- [1] ons lendene omgord is met die waarheid,
- [2] ons die borswapen van geregtigheid aantrek,
- [3] skoene aan die voete het vir die bereidheid van die evangelie.
- [4] en die skild van die geloof opneem.

Om aan te val moet ons sorg dat ons:

- [1] die swaard van die Gees opneem.

'n Kort opsomming - die praktiese toepassing.

Bestudeer en ken die Woord van God, glo dit en pas dit in jou lewe toe. Om die lendene [van jou verstand] met die waarheid te omgord, moet jy die waarheid ken. Om die borswapen van geregtigheid aan te trek, moet jy die geregtigheid verkry deur die bloed van Jesus. Die skoene aan jou voete word aangetrek deur die waarheid te ken, want die waarheid sal jou vry maak, ook om die evangelie te verkondig. Die skild van geloof kan jou alleenlik beskerm wanneer die geloof gekom het deur

die Woord, en die Woord is die waarheid. Die enigste effektiewe aanvalswapen teen die vyand is die swaard van die Gees en dit bring ons weereens terug by die kennis van die Woord, wat die WAARHEID is.

'Geestelike Bomme'

Die Woord van God voorsien ons van, wat ons 'geestelike bomme' kan noem, om in die 'kamp' van die vyand te gooi.

Wanneer jy siek is:

Eks 15:26; want Ek is die HERE wat jou gesond maak.

2Kon 20:5: So spreek die HERE, die God van jou vader Dawid: Ek het jou gebed gehoor, Ek het jou trane gesien; kyk, Ek sal jou gesond maak;

Psa 30:3 HERE, my God, ek het U aangeroop om hulp, en U het my gesond gemaak.

Psa 107:20 Hy het sy woord uitgestuur, dat Hy [Jesus] hulle kon gesond maak en hulle uit hul kuile red.

Jer 17:14 Maak my gesond, HERE, dan sal ek gesond word; verlos my, dan sal ek verlos word; want U is my lof.

Jer 30:17 Want Ek sal genesing vir jou tot stand laat kom en jou van jou wonde gesond maak, spreek die HERE;

Jer 33:6 Kyk, Ek laat vir die stad genesing en gesondmaking tot stand kom en sal hulle gesond **maak en aan hulle openbaar 'n oorvloed** van duursame vrede.

Mat 4:24; en Hy het hulle gesond gemaak.

Mat 8:16; en almal wat ongesteld was, het Hy gesond gemaak,

Mat 12:15, en Hy het hulle almal gesond gemaak,

Mat 14:14 **En toe Jesus uitgaan, het Hy 'n groot skare gesien** en in-nig jammer vir hulle gevoel, en Hy het hulle siekes gesond gemaak.

Mat 15:30, en Hy het hulle gesond gemaak,

Mat 17:18 Daarop bestraf Jesus hom; en die duiwel het van



hom uitgegaan, en die seun het gesond geword van daardie uur af.

Mat 21:14 En daar het blindes en kreupeles na Hom gekom in die tempel, en Hy het hulle gesond gemaak.

Mar 1:34 En baie wat aan allerhande siektes gely het, het Hy gesond gemaak

Mar 6:13 En hulle het baie duiwels uitgedryf en baie siekes met olie gesalf en gesond gemaak.

Mar 16:18; op siekes sal hulle die hande lê, en hulle sal gesond word.

Luk 4:40het almal hulle siekes, mense met allerhande kwale, na Hom gebring, en Hy het een vir een van hulle die hande opgelê en hulle gesond gemaak.

Luk 9:6 oral die evangelie verkondig en siekes gesond gemaak.

Psa 103:3 Wat al jou ongeregtigheid vergewe, wat al jou krankhede genees,

Jes 57:19, sê die HERE; en Ek sal hulle genees.

Mat 4:23 En Jesus het en elke siekte en elke kwaal onder die volk genees.

Mat 10:1 En Hy het sy twaalf dissipels na Hom geroep en aan hulle mag gegee oor onreine geeste, om hulle uit te dryf en om elke siekte en elke kwaal te genees.

Luk 9:1 En Hy het sy twaalf dissipels saamgeroep en aan hulle mag en gesag gegee oor al die duiwels en om siektes te genees.

1Pet 2:24; deur wie [Jesus] se wonde julle genees is.

Spr 3:8 [vrees die Here]dit sal genesing wees vir jou liggaam en verkwikking vir jou gebeente.

Jes 53:5, en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom.

Jes 58:8 Dan sal jou lig deurbreek soos die dageraad en jou genesing skielik uitspruit; en jou geregtigheid sal voor jou uit gaan, die heerlijkheid van die HERE jou agterhoede wees.

Mal 4:2 Maar vir julle wat my Naam vrees, sal die son van geregtigheid [Jesus] opgaan, en daar sal genesing onder sy

vleuels wees; en julle sal uittrek en huppel soos kalwers uit die stal.

Wanneer jy hartseer is:

1Kron 16:27, sterkte en blydskap is in sy woonplek.
Neh 8:11 ...; want hierdie dag is heilig aan onse Here. Wees dan nie bedroef nie, want die blydskap in die HERE—dit is julle beskutting.

Joh 15:11 en julle blydskap volkome kan word.

Joh 16:22, en niemand neem julle blydskap van julle weg nie.

Psa 105:43 En Hy het sy volk laat uitgaan met vreugde, sy uitverkorenes met gejubel.

Psa 126:2 Toe is ons mond gevul met gelag en ons tong met gejubel; toe het hulle onder die heidene gesê: Die HERE het groot dinge aan hierdie mense gedoen.

Psa 126:5 Die wat met trane saai, sal met gejubel maai.

Isa 55:12 Want met vreugde sal julle uittrek en met vrede gelei word;

In versoekings:

Jak 4:7 Onderwerp julle dan aan God; weerstaan die duiwel, en hy sal van julle wegvlug.

Heb 12:4 Julle het nog nie ten bloede toe weerstand gebied in julle stryd teen die sonde nie.

Luk 4:8 En Jesus antwoord en sê vir hom: Gaan weg agter My, Satan,

Gen 39:12 Toe gryp sy hom aan sy kleed en sê: Kom hou gemeenskap met my. Maar hy het sy kleed in haar hand laat agterbly en gevlug en na buite geloop. [Vlug vir versoeking.]

1Kor 10:13 Geen versoeking het julle aangegryp **behalwe ‘n** menslike nie; maar God is getrou, wat nie sal toelaat dat julle bo julle kragte versoek word nie; maar Hy sal saam met die versoeking ook die uitkoms gee, sodat julle dit sal kan verdra.

Mat 26:41 Waak en bid, dat julle nie in versoeking kom nie.

1Tim 6:9 Maar die wat ryk wil word, val in versoeking en strikke en baie dwase en skadelike begeerlikhede wat die mense laat wegsink in verderf en ondergang.

Jak 1:12 Salig is die man wat versoeking verdra, want as hy die toets deurstaan het, sal hy die kroon van die lewe ontvang wat die Here beloof het aan die wat Hom liefhet.

2Pet 2:9 die Here weet om die godsaliges uit versoeking te verlos en die onregverdiges te bewaar vir die dag van oordeel om gestraf te word;

Jak 1:13 Laat niemand, as hy in versoeking kom, sê: Ek word deur God versoek nie. Want God kan deur die kwaad nie versoek word nie, en self versoek Hy niemand nie.

ONTHOU!!! Hy kom altyd weer terug!

Luk 4:13 En toe die duiwel elke versoeking geëindig het, **het hy 'n tyd lank** van Hom gewyk.

In Swaarkry:



Joh 10:10 Die dief kom net om te steel en te slag en te verwoes. Ek het gekom, dat hulle lewe en oorvloed kan hê.

Psa 112:3 He. Oorvloed en rykdom is in sy [die man wat die Here vrees] huis; Wau. en sy geregtigheid bestaan tot in ewigheid.

Psa 66:12 U het mense oor ons hoof laat ry; ons het in die vuur en in die water gekom, maar U het ons uitgelei in die oorvloed.

Num 6:24 Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Num 6:25 die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Num 6:26 die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Deut 15:6 Want die HERE jou God seën jou soos Hy jou beloof het, sodat jy aan baie nasies sal uitleen, maar self nie hoef te leen nie;...

Deut 28:8 Die HERE sal die seën oor jou gebied in jou skure en in alles waar jy jou hand aan slaan;

Saamgestel deur: Past Willie en Miemie Horne
Posbus 872
KLEINBRAK
6503

(044) 696-5891

Epos: konanja333@gmail.com

Indien u enige berading, geestelike hulp of gebed benodig, kan u ons kontak by bogenoemde kontak besonderhede.

Die Here seën U !!!



As ons ontmoet en jy vergeet ons, het jy niks verloor nie, maar as jy **Jesus Christus** ontmoet het en jy vergeet **Hom**, het jy alles verloor.

